# Welkom by
# NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

Glo jy in die Opstanding?
Hoekom wys dit dan nie?

# Votum



# Seëngroet







# Flam 237

Hy leef, Hy leef,
die graf het oopgegaan.
Hy leef, Hy leef
Hy leef, Hy't opgestaan.
Hy leef, Hy leef,
dit maak my hart so bly.
Jesus leef in my.


Halleluja! Halleluja!
Jesus leef in my.
Halleluja! Halleluja!
Jesus leef in my.


Hy leef, Hy leef,
die graf het oopgegaan.
Hy leef, Hy leef
Hy leef, Hy't opgestaan.
Hy leef, Hy leef,
dit maak my hart so bly.
Jesus leef in my.



Halleluja! Halleluja!
Jesus leef in my.
Halleluja! Halleluja!
Jesus leef …
Jesus leef …
Jesus leef in my!

## VONKK 277:1

U is die lig wat deur die donker skyn.
U is die een wat duister laat verdwyn.
Skyn in ons harte, dryf die donker uit.
Skyn in ons lewens tot in ewigheid.





## *Refrein:*

**Jesus Christus, ons glo in U,**
**ons buig voor U neer, buig voor U neer.**
**Jesus Christus, ons God en Heer,**
**ons bring nou aan U die eer.**

U is oorwinnaar, U't die dood verslaan.
U het as Koning uit die graf gegaan.
Breek nou die bande,
gooi die boeie neer.
Ons is oorwinnaars saam
met U, ons Heer.





## *Refrein:*

Jesus Christus, ons glo in U,
ons buig voor U neer, buig voor U neer.
Jesus Christus, ons God en Heer,
ons bring nou aan U die eer.



# Markus
# 16:9-15

9. Ná Jesus se opstanding vroeg die Sondagmôre, het Hy heel eerste aan Maria Magdalena verskyn, uit wie Hy vantevore sewe bose geeste uitgedrywe het. 10. **Sy het dit vir sy dissipels gaan vertel** wat oor Hom getreur en gehuil het. 11. Alhoewel hulle by haar gehoor het dat Hy lewe en dat sy Hom gesien het, **het hulle haar tog nie geglo nie.**

12. Daarna het Jesus met 'n ander voorkoms aan twee van hulle verskyn terwyl hulle op pad was na die platteland toe. 13. **Hulle het dit vir die ander dissipels gaan vertel**, **maar dié het selfs vir húlle ook nie geglo nie**.

14. Later het Jesus aan die elftal self verskyn terwyl hulle aan tafel was. **Hy het hulle verwyt oor hulle ongeloof en hardheid van hart omdat hulle dié wat Hom ná sy opstanding gesien het, nie geglo het nie**. 15. Hy het (daarna) vir hulle gesê: "*Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom. 16. Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word*".


Ontken jy die opstanding van Jesus
Ek ontken die opstanding van Jesus …
• …elke keer as ek …
Ek erken die opstanding van Jesus …
• …elke keer as ek …
Peter Rollins


Glo jy in die opstanding?
Hoekom wys dit dan nie?

# In ons teks…

## Hoe kom boodskap by dissipels?

<u>Baie oorsigtelik - klein stukkies detail</u>:

- Maria Magdalena
- Twee van hulle
- Die elftal

**Wil uitkom by *<u>dissipels se reaksie op nuus</u>***

# In ons teks…

## Ander evangelies fokus op ander goed

## Markus fokus op effek van *wantroue* & *ongeloof*

"… het hulle haar tog nie geglo nie."

"… *dié het selfs húlle ook nie geglo nie.*"

" *Hy het hulle verwyt oor hulle ongeloof en en die hardheid van hart omdat…*"



Glo jy in die opstanding?
Hoekom wys dit dan nie?
Wat verhinder en bedreig ons getuienis?
Wat verhinder dat dit “wys”?

# 1. Die realiteit van <u>ongeloof</u> (11,13,14)

- **Dissipels verwerp betroubare getuienis –** probleem nie gebrek aan getuienis, maar weiering om dit te aanvaar

- **Jesus het hulle vooraf voorberei –** ongeloof wys dat hulle nie sy woorde ter harte geneem het nie

# Die realiteit van ongeloof by gelowiges vandag

Dink ongeloof net buite kerk, maar:

- Era van "fake nuus", wantroue, eie waarheid
- Ons twyfel wanneer dinge moeilik raak;
- Ons sukkel om God te vertrou as dinge nie uitwerk soos ons verwag of hoop;
- Ons ignoreer wat ons weet waar is;

# 2. Die gevaar van ‘n geslote hart (14)

Hulle harte was “hard”

- Nie twyfel, maar innerlike weerstand
- Onwillig om oop te wees vir waarheid
- Twyfel vra vrae - Hardheid weier antwoorde




# Waar het my hart dalk begin toemaak?

- deur alles te wantrou
- deur gewoontes?
- deur teleurstelling?
- deur pyn?



# Hoekom konfronteer Jesus sy dissipels (ons) se ongeloof & harde harte?

- Konfrontasie vra aksie
- Rol as getuies op spel –
  keer uitbeweeg of trek streep
- Verwyt nie verwerping,
  maar hertsel – genade



# Waar Jesus sy dissipels ontmoet is van groot belang – aan tafel

- Kontras met paasmaal
- Plek van gemeenskap & herstel
- Van sit na beweging
- Ironie: eet, maar verstaan nie



# Waar ontmoet Jesus ons vandag? Waar is ons "*tafel*"?

- Plek van teleurstelling
- Huistafel
- Plek van stiltetyd
- Erediens, nagmaal



# Hoe konfronteer Jesus ons ongeloof & harde harte vandag?

- deur sy Woord
- deur sy Gees
- deur ander mense
- deur omstandighede




Kom ons ontken nie langer die opstanding van Jesus nie!
Peter Rollins

Glo jy in die opstanding?
Hoekom wys dit dan nie?

Vandag kom ontmoet Hy ons by ons tafel -
Hy neem ons weer in diens en stuur ons uit


Wat verhinder en bedreig ons getuienis?
Wat verhinder dat dit “wys”?

# Die teks sê nie hoe die dissipels gerageer het nie?

- Weereens voltooi ons reaksie die teks



# Gebed



# VONKK 111

Die Here stuur ons uit.
Hy stuur ons wêreldwyd
om wonde te genees,
getuies te kan wees.
Die Here stuur ons uit.
Hy stuur ons wêreldwyd
om wonde te genees,
getuies te kan wees.

MOMENTUM

’n Engel stuur Hy nie –
Hy stuur vir jou en my
om vrede uit te dra,
wat mense kan bevry.
Hy stuur ons na die pyn.
Hy vorm ons deur sy Gees
om elke dag al meer
soos Jesus te kan wees.

MOMENTUM


Seën
Ek het Hom gesien –
gaan vertel!